



## Tema 7

Graad 6

Week 4: 11-15 Mei

# Maandag & Dinsdag: 11-12 Mei

*Handboekverwysing p. 82*

Hierdie week gaan jy wegspring deur 'n BIOGRAFIE te skryf.

*Kan jy nog onthou wat 'n biografie is?*

*Kom ons hersien verlede week se werk:*

## Wat is 'n biografie?

- ✓ 'n Biografie is 'n beskrywing van iemand se lewe deur 'n ander persoon.
- ✓ Dit word in die derdepersoonsvorm geskryf. Jy sal sien dat daar voornaamwoorde soos **hy/hom** en **sy/haar** gebruik word.

# Maandag & Dinsdag: 11-12 Mei

*Handboekverwysing p. 82*

Voordat jy begin met die opdrag, is dit belangrik dat jy mooi dink oor wie jy wil skryf. Jy mag oor enige iemand se lewe skryf – jy mag selfs ‘n karakter opmaak, MAAR die biografie moet realisties wees.

Om jou geheue te verfris, kan jy teruggaan na verlede week se biografie oor Outa Lappies. Onthou JY vertel ‘n storie oor iemand ANDERS se lewe, soos wat sy/haar lewe afgespeel het.

Jy gaan vandag en more aan die biografie werk.

Kyk na die volgende skyfies VOORDAT jy begin skryf.

# Maandag & Dinsdag: 11-12 Mei

*Handboekverwysing p. 82*

## Voor jy skryf:

- Kies die persoon oor wie jy wil skryf.
- Skryf belangrike gebeurtenisse uit die persoon se lewe neer sodat jy 'n raamwerk het waarvolgens jy kan werk.
- Beskryf verskillende aspekte van die persoon se lewe sodat die leser 'n goeie prentjie van hom of haar kan vorm.
- Wees objektief: Moenie die persoon oordeel nie. Bied die inligting op 'n feitelike en objektiewe wyse aan.
- Vertel die gebeure in die persoon se lewe in die regte volgorde, soos dit gebeur het.
- Skryf in derdepersoonverteller.
- Gee in die slotparagraaf 'n kort gevolgtrekking wat die persoon se lewe in een of twee sinne opsom.

# Maandag & Dinsdag: 11-12 Mei

## Maandag:

Stel 'n spinnekopdiagram (*mindmap*) saam.

*Skryf die eerste weergawe. (Woorde 120-150)*

*Beide hierdie word in POTLOOD in jou Algemene Skryfboek gedoen.*

Opskrif vir aktiviteit: Biografie Beplanning

## Dinsdag:

Gebruik 'n kleur pen/potlood en redigeer jou eerste weergawe. Jy mag 'n woordeboek gebruik om jou spelling te kontroleer.

Wanneer jy klaar is met AL JOU REDIGERING, kan jy begin om jou finale weergawe in pen te skryf. Onthou om jou aantal woorde onderaan aan te dui.

Opskrif vir aktiviteit: Biografie Finale Weergawe

# Woensdag: 13 Mei

Vandag gaan jy meer leer oor Idiomatiese taalgebruik.

## Wat is 'n idioom?

'n Idioom is 'n spreekwoord waarin figuurlike taal gebruik word om 'n idee saam te vat.

Hier is 'n paar voorbeelde van idioome wat ontstaan het in die dae toe mense nog met ossewaens gery het:

- **Voor op die wa wees** (om vrypostig of opdringerig te wees): Die voorste sitplekke op die wa was vir die belangrikste volwassenes bedoel. 'n Kind het dus 'n groot kans gevat en was baie voorbarig as hy of sy voor op die wa gesit het.
- **Die wa voor die osse span** (agterstevoor te werk gaan): Die osse moes die wa trek en is voor die wa ingespan.

Idiome verskaf kleur aan ons taal en help ons om dinge op 'n interessanter manier te sê. Kyk na hierdie voorbeelde:

- **Die aap uit die mou laat**: Die geheim of plan verklap.
- **Sy hart sak in sy skoene**: Sy moet begewe hom.

Idiome word dikwels gebruik om 'n onaangename ding sagter te stel:

- **Hy het nie al sy varkies op hok nie**: Hy is nie by sy volle verstand nie.
- **Die gees gee**: Doodgaan



# Woensdag: 13 Mei

Voltooi nou die aktiwiteit wat handel oor idiome.

Opskrif vir aktiwiteit: Idiome p. 79

1. Vind uit wat die volgende idiome beteken. Onthou, as 'n mens 'n idioom in 'n woordeboek naslaan, soek jy die sleutelwoord (die belangrikste woord in die idioom) in die woordeboek.
  - a) Gekke en dwase skryf hul name op deure en glase.
  - b) Papier is geduldig.
  - c) Hy kry die wind van voor.
  - d) Die pen is magtiger as die swaard.
2. Gebruik die sleutelwoorde tussen hakies en gee idiome vir die volgende:
  - a) Daar gaan moeilikheid wees. (poppe)
  - b) Nie goed en nie sleg nie. (bas)
  - c) Baie vas slaap. (klip)
  - d) 'n Geskenk kritiseer. (perd)
  - e) Daar is iets wat nie reg is nie. (slang)

# Donderdag: 14 Mei

Vandag gaan ons jou Afrikaanse periode in 2 gedeeltes van 30 minute opdeel.



Eerste 30 min: LEES

Tweede 30 min: SPEL



# Donderdag: 14 Mei

| Eerste 30 minute                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  | Tweede 30 minute                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <p>Kry vir jou enige AFRIKAANSE leesboek, tydskrif, koerant, ensovoorts.</p> <p>Jy gaan nou vir 25 minute jou lees oefen.</p> <p>Nadat die 25 minute verby is, moet jy vir mamma, pappa, boetie of enige iemand by die huis in 2-3 minute vertel waarom die storie gaan.</p> <p>Jy moet in volsinne daaroor gesels en jy mag GEEN Engelse woorde gebruik nie.</p> | <p>In hierdie halfuur gaan jy die volgende 15 spelwoorde leer (Toets 2.3). Jy moet elke woord ten minste 5 keer neerskryf. Doen dit op enige stuk papier (nie in jou boek).</p> <p>Nadat jy al die woorde geoefen het, moet jy 8 woordjies kies en 'n goeie sin met elkeen maak.</p> <p>Hierdie sinne moet jy in jou Algemene Boek neerskryf.</p> <p>Enige iemand by die huis kan die sinne merk wanneer jy klaar is.</p> <p>Opskrif: Spelgroep 2.4 Sinne</p> |

## TOETS 2.4

versier  
borduur  
huis toe  
ondersteun  
waentjie  
leesstuk  
geleentheid  
in plaas van  
byvoorbeeld  
interessant  
gebeurtenis  
opsomming  
ervaring  
kursusse  
posisie

Let wel: Wees gereed om more jou speltoets te skryf. Ek gaan 10 woorde vir jou vra.

# Vrydag: 15 Mei

Jy gaan nou jou speltoets vir die week skryf.

Opskrif: Speltoets 2.4

**JY MAG NIE NA DIE VOLGENDE SKYFIE KYK VOOR JOU TOETS NIE**  
**AFGEHANDEL IS NIE!!** Net die persoon wat die woorde vir jou gaan lees, mag  
nou voor die rekenaar wees.

Vra vir mamma of pappa om na die volgende skyfie aan te gaan om vir jou 10 woorde  
te vra.

Wanneer jy klaar geskryf is, kan mamma of pappa jou spelwoorde merk.

# Vrydag: 15 Mei

## Spelwoorde 2.4

1. huis toe
2. waentjie
3. leesstuk
4. geleentheid
5. byvoorbeeld
6. interessant
7. gebeurtenis
8. opsomming
9. kursusse
10. posisie

# Vrydag: 15 Mei

Voltooi asb. ook die volgende oefening in jou werkboek.

## Weet jy wat is die verskil tussen afkortings en akronieme?

### Afkortings:

Die verkorte skryfwyse van 'n woord of uitdrukking. Sommige afkortings word met 'n punt aan die einde geskryf terwyl ander sonder 'n punt geskryf word.

### Akronieme:

Dit is afkortings wat soos woorde uitgespreek word en bestaan uit letters van verskeie woorde.

# Vrydag: 15 Mei

Opskrif: Afkortings en akronieme p. 81

1. Gee die afkortings vir die volgende:

|                |                 |
|----------------|-----------------|
| a) byvoorbeeld | b) in plaas van |
| c) asseblief   | d) graad        |
  
2. Waarvoor staan die volgende afkortings en akronieme?

|           |         |
|-----------|---------|
| a) m.a.w. | b) vm.  |
| c) BTW    | d) ens. |
| e) UNISA  |         |

# Dankie!

Jy het hierdie week se Afrikaans  
voltooi.

Ons sal al die memorandums vir  
jou volgende week aanstuur.

Lekker naweek 😊